



**PIONEER**<sup>®</sup>

GEMAAK OM TE GROEI™



# DIE PIONEER BELOFTE



Pioneer is verbind tot die verbetering van mense se lewens en lewensoronderhoud. Ons primêre fokus op ons kliënte het vir ons 'n reputasie van betroubaarheid besorg. Ons toewyding en verbintenis om oplossings te vind wat oesopbrengste kan help verbeter en die produktiwiteit van produsente regoor die wêreld te verhoog, bly die hoeksteen van ons besigheid.



## ONS DOEL

Om die lewens te verryk van diegene wat produseer en verbruik, en daardeur vooruitgang te verseker vir toekomstige generasies.

### ONS WAARDES

**Verryk Lewens**  
Ons verbind ons daartoe om lewens en die land te verbeter

**Innoverend**  
Ons innoveer sonder terughou

**Opreg**  
Ons doen altyd wat reg is

**Selfversekerd**  
Ons is leiers wat selfversekerd optree

**Samewerkend**  
Ons groei deur saam te werk

**Leef Veilig**  
Ons respekteer veiligheid en die omgewing in alles wat ons doen

## DIE LONG LOOK

### DIE PIONEER MANIER VAN SAKE DOEN

Ons is 'n internasionale maatskappy met 'n unieke kombinasie van kulture, tale en ervaring. Ons besigheid en kliënte het dramaties verander sedert Henry A. Wallace die Hi-Bred Corn Company in 1926 gestig het.

Hierdie Long Look filosofie – ons houding aangaande navorsing, produksie en bemarking, en die wêreldwyre netwerk van Pioneer mense – sal altyd getrou bly aan die vier eenvoudige stellings wat ons sedert ons vroeë jare gelei het:

- Ons streef daarna om die beste produkte op die mark te lewer.
- Ons gaan eerlik en redelik met ons kliënte, saadkwekers, werknemers, verkooppersoneel, sakevennote en aandeelhouers om.
- Ons adverteer ons produkte met mening, maar sonder wanvoorstellings.
- Ons gee nuttige bestuurswenke aan ons kliënte om hulle te help om die grootste moontlike wins uit ons produkte te maak.



# ONS IS SLIM LANDBOU



# ONS IS SLIM AGRONOMIE

## Ongeëwenaarde agronomiese kundigheid op die plaas as besigheid

Die Pioneer Agronomie span ondersteun die pogings wat deur die Pioneer kliënte voorsien word - om sodoende die beste moontlike bestuurspraktyke daar te stel, vir optimale produktiwiteit op hul plase.

Die lede van die Agronomie span bring 'n wye verskeidenheid van agronomiese kundigheid, spesialiteite en ervaring bymekaar om die kliënte te ondersteun en raad te gee. By Pioneer is ons toegewydt besig om gewasbestuur te verbeter.

### Ons slim missie is om die regte produk op die regte hektaar te plaas

**STERK** tegnologie gefokus: Die doel is om wetenskaplik te werk te gaan om die beste gewas te produseer op die mees konsekwente basis wat moontlik is in enige situasie, wat lei tot opbrengsvoordeel.

Ons het 'n diverse, "sterk" **SPAN**, en elke Agronoom spesialiseer in 'n spesifieke gewas of in 'n spesifieke aspek van die gewasproduksie, in 'n spesifieke area. Pioneer het Produkagronome wat spesifiek op die IMPACT™ proewe fokus - waaruit hulle voordurend nuwe produkte toets en vrystel. Die span se innoverende navorsing en data-analiseringsmetodes is gebaseer op navorsing oor plaasgrootte, wat ons in staat stel om uiteenlopende veranderlike faktore te bestuur wat 'n impak het op graanproduksie. Die Pioneer Agronomie span verbreed hul navorsingshorisonne en verskaf innoverende inligting om die boer met verrynkte data te voorsien om ingeligte besluite regdeur die jaar te kan neem.

Pioneer, die **LEIER** in die mark, is 'n beproefde en betroubare handelsmerk. Met Pioneer genetika en die nuutste navorsing en unieke en gespesialiseerde digitale programme, word graanproduksie verbeter en word waarde vir die boer toegevoeg.

**INTELLIGENTE** presisiетecnologie: Die regte produk vir die regte hektaar kan aanbeveel word deur gebruik te maak van hierdie digitale tegnologie. Die Pioneer Agronomie span kan beter kultivaraanbevelings maak ten opsigte van nuwe biotegniese eienskappe, genetikaplasing, en regte populasie op verskillende grondpotensiale vir die spesifieke genetika vir jou in jou area.

**MEETBARE** resultate: Daar kan ook planterpreskripsiekaarte geskryf word vir die Pioneer genetika om die hoogste potensiële opbrengs te lever op die spesifieke grondpotensiaal. Sodoende kan die Pioneer kliënt sy opbrengste optimaliseer, effektiwiteit verbeter en risiko's verminder, deur betroubare agronomiese eienskappe, soos verbeterde wortelmassas en vinnige, goeie opkoms.

Daardeur streef ons om voedselsekuriteit vir die toekoms te verseker deur middel van **SLIM** Pioneer genetika.

# S

STERK

Opbrengsvoordeel

**SPANWERK**

Sterk Leierskapspan  
Sterk Agronomiespan  
Sterk Verkoopspan



# L

LEIER

Markleier  
Beproefde & betroubare handelsmerk



# I

INTELLIGENT

Biotegniese eienskappe  
Regte kultivar vir jou in jou area



# M

MEETBAAR

Opbrengspotensiaal  
Wortelmassa  
Vinnige, goeie opkoms




# ONS IS SLIM SAADBEHANDELING



## 'n Merk van sekerheid in saadbehandelings

As produsent kies jy 'n saadbehandelingspakket wat 'n suksesvolle seisoen sal verseker. Terselfdertyd moet jy verzekер wees dat daardie saadbehandelings na verwagting gaan presteer, en goed sal werk saam met die genetika wat jy plant.

LumiGEN®-saadbehandelings is ontwerp, geverifieer en bewys om saam met Pioneer®-genetika te werk, wat produsente 'n hoër vlak van vertroue in hul saadbehandelingsopsies gee.



### Ontwerp vir ons genetika

Ons evalueer honderde produkkonsept-kombinasies om die regte saadbehandelingsformulerings vir ons genetika te ontwikkel. Elke jaar bevestig ons daardie kombinasies in laboratoriums, kweekhuise en op boere se lande. Ons ontwikkelingsproses vir saadbehandeling maak jaarliks op 30 000 navorsingsperseel-evaluasies staan.

### Geverifieer op ons genetika

LumiGEN®-saadbehandeling is gebaseer op meer as 100 jaar se kennis van gewasbeskerming, tesame met goeie begrip van wat produsente nodig het in hoe hulle boer. Ons saadbehandelingskombinasies word noukeurig geëvalueer by die Corteva Agriscience Center of Seed Applied Technologies (CSAT) – 'n alles-in-een fasiliteit wat as laboratorium, toetscentrum en saadbehandelingsaanleg dien. Hier word saadbehandelings hersien met behulp van ons eksklusiewe ses-stap PASSER-proses.

### Bewys om saam met ons genetika te werk

Ons behandelde saad word via ons veldtoetsnetwerk deur produsente geëvalueer. Regte planters word onder werklike toestande vir die plantproses gebruik. Toetse op die plaas word gekombineer met ons grootskaalse IMPACT™-toetsprogram, waar meer as 60 000 navorsingsperseel-evaluasies elke jaar uitgevoer word. Hierdie toetse help om te verzeker dat LumiGEN®-saadbehandelings werk, ongeag watter Pioneer®-handelsmerkbasters of -variëteite jy plant.

 **PIONEER®**  
GEMAAK OM TE GROEI™



# ONS IS SLIM SAADBESKERMING



## PowerCore™-eienskaptegnologie

PowerCore™-tegnologie is 'n hoë-prestasie, onkruiddoderbestande saadeienskap wat help om gewasse doeltreffend teen skadelike bogrondse insekte, soos die mieliestamruspe en Chilo-boorder, te beskerm.

### PowerCore™-tegnologie bied omvattende beheer van bogrondse lepidoptera-peste

PowerCore™-tegnologie kombineer veelvuldige werkswyses om primêre en sekondêre peste te bestry wat aansienlike oesskade en meegaande produksieverliese kan veroorsaak. Die eienskap bestaan uit drie verskillende *Bacillus thuringiensis* (Bt)-proteïene, wat elk insekte op 'n unieke manier teiken, terwyl dit help om die langslewendheid van die tegnologie te verleng. Die veelvuldige werkswyses verseker ook breëspektrum beskerming teen bogrondse peste.

### Insekspelktrum

Daar is verskeie lepidoptera-peste wat mielies in Afrika aanval. Hierdie peste veroorsaak ergse skade aan mielies, en oesverliese kan wissel na gelang van die tyd en vlak van stamboorderbesmetting.



Mieliestamruspe (*Busseola fusca*)

Hierdie is die mees skadelike stamboorder in mielies in Suid-Afrika en kom voor by hoogtes wat wissel van seevlak tot 2 000 m bo seespieël. Dit kom wydverspreid voor in Suid-Afrika se mielieproduksiedriehoek.



Chilo-boorder (*Chilo partellus*)

Hierdie is 'n stamboorderinsek wat 'n ernstige pes in mielies en sorghum is. Die Chilo-boorderruspes beskadig hierdie gewasse deur binne-in die plantstingels in te boor of te tonnel.



**PIONEER®**  
GEMAAK OM TE GROEI™





# ONS IS SLIM RENTMEESTERSKAP

## BIOTECHNOLOGIEGIDS 2024

### PIONEER®-HANDELSMERKPRODUKTE

#### RENTMEESTERSKAP-OORSIG

##### 'N BOODSKAP OOR RENTMEESTERSKAP

Pioneer is verbind tot die verantwoordelike bestuur van al sy saadprodukte. Wanneer Pioneer 'n nuwe produk in die mark bekendstel, is ons toegewy aan die taak. Ons filosofie oor produkrentmeesterskap behels die verantwoordelike bestuur van die totale lewensiklus van ons tegnologie – van die aanvanklike navorsing totdat die produk gestaak word. Dit beteken uiteindelik maksimum produkwaarde, -voordele en -lewensduur (*Figuur 1*). Vir daardie rede, en tot voordeel van al die belanghebbendes in die waardeketting (tegnologie-ontwikkelaar, produsente en verbruikers), vereis Pioneer dat alle produsente aan binnelandse bioveiligheidsregulasies, Pioneer se beleid asook gewasbestuurstrategieë vir die betrokke produk, voldoen. Die Pioneer Tegnologiegebruiks-ooreenkoms (TGO) en Aankoopbepalings en -voorwaardes behels dat produsente wat saad met die Pioneer®-handelsmerk met biotecnologie-eienskappe aankoop en plant, sal voldoen aan die vereistes vir rentmeesterskap wat in hierdie gids beskryf word.



*Figuur 1: Biotechnologie-produkbeheer vanaf navorsing totdat die produk gestaak word.*

Rentmeesterskap sluit, sonder beperking, die volgende in:

- Die nakoming van gebruiksaanwysings op saad- en plaagdoder-etikette.
- Die plant van insekweerstandige eienskapsaad moet, met die oog op insekweerstandsbestuur (IWB), met 'n toevlugarea bestaande uit nie-biotecniese of onkruiddoder-verdraagsame mieliesaad, gepaardgaan. Die toevlugarea moet bestaan uit óf ten minste 5% van die totale mielie-oes wat geplant is (in welke geval die toevlugarea nie met 'n insekmiddel vir die teikeninsekte behandel mag word nie), óf ten minste 20% van die totale mielie-oes wat geplant is indien dit wel met 'n insekmiddel vir die teikeninsekte behandel gaan word. (Sien *Tabel 2* en *Figuur 2* vir meer besonderhede)
- Nakoming van IWB-vereistes om die ontwikkeling van weerstand teen biotecnologie-eienskappe deur die teikenplaagpopulasies te vertraag.
- Bevestiging van eienskapsaanvaarding, voorgenome gebruik asook graanhanteerdersbestemmings (voor levering of gebruik van die betrokke produkte op die plaas), met betrekking tot gewasse of materiaal wat biotecnologie-eienskappe bevat (soos aangedui in *Tabel 1*).
- Geen uitvoer van saad of enige ander materiaal wat oor biotecnologie-eienskappe beskik, insluitend deur 'n derde party, na lande waar die produk nie toegelaat of geregistreer word nie.
- Implementering van enige bykomende rentmeesterskapvereistes wat Pioneer met betrekking tot 'n spesifieke produk nodig sou ag (bv. graan- of voergebruiksbeperkings en geografiese plantbeperkings).

##### WAAROM IS RENTMEESTERSKAP BELANGRIK?

Behoorlike produkrentmeesterskap is belangrik, omdat dit die volgende voordele aan produsente bied:

- Toegang tot die kiemplasma- en biotecnologiese eienskapstegnologie in Pioneer se saadprodukte, onderhewig aan die ondertekening van die Tegniese Gebruiksooreenkoms (TGO).
- Dit beskerm die langtermyn doeltreffendheid van Bt-tegnologieë.
- Dit stel tegnologie-ontwikkelaars in staat om in die ontwikkeling van beter, hoë-opbrengspotensiaal kiemplasma en bykomende tegnologieë en innovasies te belê, wat landbouproduktiwiteit tot voordeel van die boer verbeter.

##### ONS TOEWYDING AAN UITNEMENDHEID DEUR RENTMEESTERSKAP

Pioneer is 'n lid van 'Excellence Through Stewardship®' (ETS) en Pioneer® se handelsmerkprodukte word dienooreenkombig die 'ETS Product Launch Stewardship Guidance' en ter nakoming van Pioneer se beleid rakende rentmeesterskap van daardie produkte, gekommersialiseer. Gewasse en materiaal wat oor biotecnologie-eienskappe beskik, mag slegs uitgevoer word na of gebruik, verwerk of verkoop word in jurisdiksiegebiede waar alle nodige regulatoriese goedkeurings vir daardie spesifieke gewasse en materiale verleen is. Dit is 'n oortreding van nasionale en internasionale wette om materiaal wat biotecnologie-eienskappe bevat, oor grense heen te verskuif na jurisdiksiegebiede waar die invoer daarvan nie deur regulatoriese owerhede toegelaat word nie. Produsente moet hierdie kwessies met hul aankoper of graanhanteerder bespreek om sodoende die koper of hanteerder se standpunt oor produkkaankepe te bevestig. 'Excellence Through Stewardship®' is 'n geregistreerde handelsmerk van Excellence Through Stewardship. Vir meer inligting, besoek <https://www.excellencethroughstewardship.org/>.



## PIONEER TEGNOLOGIEGEBRUIKSOOREENKOMS (TGO)

Pioneer het 'n lang geskiedenis wat betref sy belegging in intellektuele eiendom om produsente van hoë-werkverrigting variëteite en toonaangewende dienste in die bedryf te voorsien. Ons volgehoue verbintenis tot produknavorsing lei tot handelsmerkprodukte wat konsekwent hoë opbrengspotensiaal lewer met die doel om 'n produsent se winsgewendheid te verhoog. Pioneer® is die vlagskip-saadhandelsmerk van Corteva Agriscience, en maak gebruik van patente en Plantverskeidenheidsbeskerming (PVB)-wetgewing om ons belegging in gepatenteerde kiemplasma, inheemse en transgeniese eienskappe en teelttegnologieë te beskerm. PVB-wette bied telers tot 20 jaar se eksklusiewe beheer oor plantvariëteite. Dit stel Corteva Agriscience in staat om nuwe produkte met beter tegnologiese ondersteuning aan die mark bekend te stel. Let daarop dat Pioneer se produkaanbiedings, selfs al behels dit nie biotecnologie nie, deur verskeie tipes intellektuele eiendom beskerm kan word, soos gepatenteerde genetika, gepatenteerde teelttegnologieë, beskerming van plantverskeidenheid, gepatenteerde transgeniese eienskappe en gepatenteerde inheemse eienskappe. Dit word ingesluit in die terme en gebruiksvoorwaardes van die Pioneer TGO. Die aankoop van enige Corteva Agriscience-variëteit of eienskap geskied onder lisensie, met sekere beperkings. Deur gebruik te maak van saad wat ingevolge 'n Pioneer TGO verskaf word, stem die gebruiker in dat die saad – en die tegnologie binne daardie saad – aspekte insluit wat deur Corteva Agriscience besit word, of deur 'n derde party gelisensieer is, en wat onder die beskerming van Amerikaanse intellektuele eiendomswette val. Ingevolge hierdie kontrak stem die gebruiker in tot 'n enkel-kommersiële aanplanting van die saad en om nie die saad te stoor of terug te hou nie.

### Waarom word 'n TGO vereis?

- 'n TGO word vereis vir die aankoop van enige Pioneer®-handelsmerksaad – dit geld vir alle gewasse, biotecnologie en nie-biotecnologie. Die TGO dien as 'n ooreenkoms tussen die kliënt en Pioneer, en dien as bewys dat die kliënt verstaan en instem dat hy/sy alle lisensiebepalings, rentmeesterskap en toepaslike wetlike verantwoordelikhede wat met hul saadprodukte verband hou, sal nakom.
- Selfs al bevat sommige produkte nie biotecnologie-eienskappe nie, beskerm die TGO steeds die intellektuele eiendom wat met nie-biotecnologie produkte geassosieer word, soos kiemplasma en ander intellektuele kennis en patente.
- Die TGO verleen 'n beperkte lisensie aan die produsent om Pioneer-handelsmerksaad wat Corteva Agriscience-verkrygde tegnologie bevat (insluitend kiemplasma, nie-biotecnologie eienskappe en biotecnologie-eienskappe) te gebruik/plant en 'n enkele kommersiële gewas te produseer.
- Die TGO vereis dat produsente die toepaslike Produkgebruiksgids (wat op die Pioneer-webwerf verkry kan word ([www.pioneer.com/za](http://www.pioneer.com/za)) en amptelike produksetikette (sade en onkruiddoders), sal gebruik en volg.
- Die TGO verbied sekere aktiwiteite soos die opberging van saad of die gebruik van ongemagtigde onkruiddoders op onkruiddoderverdraagsame gewasse (waar van toepassing).
- Voldoening aan die Pioneer-TGO stel Pioneer in staat om voortdurend te belê in genetikavooruitgang en tegnologie wat nuwe uitvindselde navorsing moontlike maak. Hierdie uitvindselde lei uiteindelik tot verhoogde produksie en die vermoë om nuwe plaag- en produksie-uitdagings die hoof te bied.
- Biotehnologiewette en -regulasies vereis dat die verskaffer en koper wat van voorname is om die tegnologie te gebruik, 'n wettige ooreenkoms moet aangaan deur 'n TGO te onderteken.

Die Pioneer-TGO stel produsente in staat om Pioneer-handelsmerkprodukte wat sekere tegnologie-eienskappe bevat, aan te koop en te plant. So 'n ooreenkoms moet elke seisoen onderteken word en aan die Pioneer-verkoopspersoon oorhandig word voordat enige saad uitgereik kan word.

Die TGO bepaal ook dat:

- Enige produsent wat nie 'n TGO onderteken het nie, Pioneer onmiddellik in kennis moet stel en reëlings moet tref om die TGO te onderteken of die saad aan die maatskappy terug te gee.
- Gelisensieerde biotecnologie-saadprodukte mag uitsluitlik gebruik word vir die aanplant van 'n enkele kommersiële gewas en mag nie uitgevoer word vir aanplanting in 'n ander land of aan enige ander persoon verskaf word vir aanplanting nie.
- Die aankoop van gelisensieerde biotecnologie-saadprodukte deur 'n ongemagtigde kweker of 'n kweker wat nie by ons gelisensieer is nie (met ander woorde, nie 'n TGO onderteken het nie) sal nietig wees.

## KWEEK VAN KONVENTIONELE EN BIOTECNologie-GEWASSE

Talle landboustelsels word dekades lank al suksesvol regoor die wêreld bedryf – van produksie, regdeur die voorsieningsketting. Met tyd is beste prakteke ontwikkel om hierdie verskillende landboustelsels te fasiliteer. Dit is voortdurend verbeter om te verseker dat saad en graan van hoë suiwerheid en gehalte beskikbaar is om handel in verskeie landboustelsels te ondersteun.

Een voorbeeld van so 'n simbiotiese verhouding is die nabygeleë produksie van eenderse kommoditeite soos geelmielies, suikermielies, witmielies en springmielies. Saambestaanstrategieë is onderhewig aan markvereistes en moet aan wetenskaplik-gebaseerde bedryfstandaarde en bestuursprakteke voldoen, en buigsaam wees om opsies en keuses vir produsente en die voedsel- en voervoorsieningsketting te fasiliteer. Hierdie buigsaamheid behels ook die vermoë van saambestaan-strategieë om aan te pas by veranderde produkte, markte of prakteke.

Die volgehoue sukses van saambestaanstrategieë was afhanklik van samewerking, kommunikasie, buigsaamheid en wedersydse respek vir elke gewassstelsel en die produsente wat die stelsels gebruik. Produsente het mettertyd by veranderinge en innovasies aangepas deur nuwe plaasbestuursprakteke, tegnologieë en ander toepaslike prakteke te implementeer. Dit is die gewasprodusent se plig om 'n spesifieke mark te bevredig en beste prakteke te volg om aan die betrokke markstandaarde te voldoen. 'n Produsent wat daarna streef om sy/haar mark te bevredig, stem inherent daartoe in om toepaslike prakteke te implementeer om die integriteit en bemarkbaarheid van sy/haar oes te verseker vir die mark waaraan hy/sy dit wil bemark. Dit geld, ongeag die spesifieke mark (witmielies, suikermielies, organies geproduseerde mielies of konvensioneel geproduseerde mielies) wat bedien word. In elke geval produseer die produsent 'n gewas wat deur 'n spesiale markprys ondersteun word; hy/sy aanvaar dus verantwoordelikheid om aan toepaslike markspesifikasies te voldoen ten einde die premieprys van daardie mark te ontvang. Al berus die verantwoordelikheid by die produsent wat die gewas vir 'n spesifieke mark produseer, moet elke produsent ook met sy of haar bure kommunikeer en hulle inlig rondom plantvoornemens sodat die behoeftes aan toepaslike beste bestuursprakteke bepaal kan word.

## IDENTITEITSBEWAARDE (IB)-GEWASSE

IB-gewasse word verbou om aan die behoeftes van gespesialiseerde eindverbruiksmarkte te voldoen. Hierdie gewasse word verbou met 'n spesifieke eindgebruik in gedagte, byvoorbeeld wasagtig, wit en organies; dit moet aan die omskrewe vereistes van daardie mark voldoen. IB-gewasse bied voordele vir beide die produsent, via verwerker-gebaseerde finansiële aansporings, en die eindverbruiker. Produsente wat verkieks dat die identiteit van hul gewasse bewaar bly met die oog op addisionele eindverbruiksmarkwaarde, is verantwoordelik om te verseker dat hul gewasse aan kontrakspesifikasies voldoen. Voldoening is onderworpe aan algemeen aanvaarde IB-landbouprakteke wat deur die gespesialiseerde landbou-eindverbruikbedryf ontwikkel is om IB-produksie te bestuur, soos hieronder beskryf word. IB-produsente het dus die verantwoordelikheid om die nodige prosesse te vestig om aan gehaltespesifikasies te voldoen. Die spesiale aandag wat vir IB-gewasproduksie nodig is, lei gewoonlik tot 'n stygging in produksiekoste, wat weer die waarde van die goedere wat verkoop word, laat styg.

## INSTANDHOUDING VAN IB-GEWASINTEGRITEIT

Om die identiteit van IB-gewasse te bewaar, moet deeglike skoonmaakprosedures vóór en ná kontak met die IB-gewas geld. Dit kan die skoonmaak van areas in en om saadopbergingshouers, planterbakke, vervoerwaens, oesmasjiene en stropers insluit. Deeglike skoonmaakprosedures moet regdeur die plantproses gehandhaaf word, en sluit berging, vervoer, plant en oes in. Produsente van IB-gewasse moet ook stapte oorweeg om die moontlikheid van kruisbestuiwing te minimaliseer, gegewe die algemeen erkende en aanvaarde beweging van toevallige hoeveelhede stuifmeel. Soos reeds genoem, is kommunikasie tussen produsente die sleutel tot die bepaling van die beste landboubestuurspraktyke om die identiteit van IB-gewasse in stand te hou.

## RENTMEESTERSKAP VAN SAADBEHANDELING

Saadbehandelings, insluitend swam-, insek en aalwurmdoders, en biologiese saadbehandelings speel 'n sleutelrol in landbou en die produksie van 'n gesonde gewas. Buiten die bestuur van vroeë-seisoen plae en siektes, dien dit soms ook as 'n lewensvatbare alternatief vir blaar- en grondtoedienings.

Saadbehandelingsbestuur en verantwoordelike rentmeesterskap speel 'n belangrike rol in omgewingsbewaring, terwyl dit terselfdertyd gewasgesondheid verhoog. Verantwoordelike rentmeesterskap help met die handhawing van saadintegriteit en -behandeling. Dit hou weer die aktiewe bestanddeel op die saad, vir maksimum gewasgesondheidsvoordeel op jou belegging. Hierdie praktyke beperk ook die potensiële nadelige uitwerking op produsente en die omgewing, insluitend bestuiwers wat gedurende planttyd teenwoordig kan wees.

Die volgende beste bestuurspraktyke word voorgestel:

## HANTERING

- Lees en volg altyd die aanwysings en -aanbevelings op die etiket vir behoorlike hantering en gebruik van behandelde saad en saadbehandelings.
- Gebruik persoonlike beskermende toerusting soos op die produk- of saadetiket aanbeveel word.
- Volg alle veiligheidsmaatreëls wat op die produk- of saadetiket aangedui word.
- Vervoer behandelde saad veilig en op so 'n wyse dat dit die risiko van storting en stof beperk.

## AANPLANTING

- Volg altyd die aanbevelings van die plantervervaardiger en vermy die oormatige gebruik van talkpoeier en grafiët.
- Verwyder plante en onkruid wat voor planttyd in en om die land groei.
- Beperk die verspreiding van stof uit saadsakke wat behandelde saad bevat. Neem faktore soos windsspoed en -rigting in ag en moenie die onderkant van die sak met behandelde saad skud wanneer jy die planterbak volmaak nie.
- Moenie behandelde saad langs aktiewe korwe, naby landerye se grense, en langs plante wat blom en ander plantegroei oortap of oorgooi nie.
- Tydens plant, wees bewus van heuningbye en korwe naby die land, en let op nabigelyé korwe en plante en onkruid wat blom, wat bestuiwers kan lok, en kommunikeer waar moontlik met byeboere.
- Vakuumplanters se uitlaatkleppe moet gestel word om afwaarts te blaas.
- Maak seker dat alle sade op 'n behoorlike plantdiepte geplant of in die grond ingewerk word.

## VERNIETIGING EN OPRUIMING

- Volg nasionale en plaaslike regulasies vir die wegdoen of berging van ongebruikte saad.
- Vernietig ongebruikte behandelde saad, saadverpakkings of -houers op die korrekte manier in ooreenstemming met nasionale en plaaslike regulasies asook die terugsendingbeleid vir saadhouders, soos deur CropLife Suid-Afrika aanbeveel word.
- Maak die planttoerusting skoon op 'n wyse wat stof beperk.
- Moenie planttoerusting langs aktiewe korwe, naby grense van landerye, en langs plante wat blom en ander plantegroei skoonmaak nie.

## GIDS VIR DIE GEBRUIK VAN BIOTECHNOLOGIE-PRODUKTE

Hierdie gids bevat inligting vir behoorlike insekweerstandsbestuur vir Pioneer®-handelsmerkmelies wat die Pioneer-IB bevat – ook bekend as bioteknologie-eienskappe. Dit sluit in:

**Tabel 1:** Beskermende proteïene (insekbeskerming en onkruiddodertoleransie-eienskappe) en genetiese materiaal wat nodig is vir die uitdrukking van beskermende proteïene, word ingevolge die GMO-wet (Wet 15 van 1997) as veilig vir mense, diere en die omgewing goedgekeur. Die produkte word deur een of meer patentregte beskerm.

### PRODUKTE Bt-tegnologie (mielieboorder-tegnologie)

#### YieldGard® Maize 2-tegnologie (MON89034)

#### Roundup Ready® Maize 2-tegnologie (NK603)

#### Intrasect® - insekbeskermingstegnologie (TC1507xMON810xNK603)

#### PowerCore™-tegnologie (MON89034xTC1507xNK603)

### PRODUKGEBRUIKSVERKLARING

Die produk se Bt-eienskapstegnologie bevat die *cry1A(b)*-geen wat vanaf *Bacillus thuringiensis var. kurstaki* verkry is. Die *cry1A(b)*-proteïene wat in hierdie melies geproduseer word, bied beheer van vatbare stronkboorders, *Busseola fusca* en *Chilo partellus*.

Die produk YieldGard® Maize 2-tegnologie bevat *cry1A.105-* en *cry2Ab2*-gene van *Bacillus thuringiensis var. kurstaki*. *Cry1A.105-* en *cry2Ab2*-proteïene wat in hierdie melies geproduseer word, bied beheer van vatbare mieliestronkboorders, *Busseola fusca* en *Chilo partellus*.

YieldGard® Maize 2 en die YieldGard® Maize 2 se logo-ontwerp is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC.

Die produk Roundup Ready® Maize 2-tegnologie bevat die *cp4 epsps*-geen van die *Agrobacterium* stam *CP4*. Roundup Ready® Maize 2-tegnologie produseer die *CP4 EPSPS*-proteïene wat verdraagsaamheid bied teen geregistreerde glifosaatformulerings.

**WAARSKUWING:** Die Roundup Ready®-geen sal hierdie baster SLEGS beskerm teen toedienings van goedgekeurde glifosaatprodukte soos Roundup PowerMax® (L 6702), wanneer dit teen aanbevolle dosisse toegedien word. Die Roundup Ready®-geen SAL NIE hierdie baster beskerm teen toedienings van ander onkruiddoders wat 'n ander onkruiddoderweerstandsgene vereis nie. Lees en volg altyd die aanwysings op die onkruiddoderetiket voor gebruik. Roundup Ready®, die Roundup Ready®-logo en Roundup PowerMax® is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC.

Die produk Intrasect®-insekbeskermingstegnologie bevat die Herculex® I-insekbeskermingseisenskap wat 'n *Bacillus thuringiensis* (Bt) *cryIF*-proteïene produseer. Dit bevat ook die Bt-eienskapstegnologie wat 'n Bt *cry1Ab*-proteïene produseer wat beskerming bied teen die vatbare mieliestronkboorders, *Busseola fusca* en *Chilo partellus*. Produkreaksies kan verskil volgens ligging, plaagbevolking, omgewingstoestande en landboupraktyke. Hierdie produk bevat ook die Roundup Ready® Maize 2-tegnologie met die geen *cp4 epsps* van die Agrobacterium stam *CP4*. Die *CP4 EPSPS*-proteïene bied verdraagsaamheid teenoor geregistreerde glifosaatformulerings. Hierdie produk word deur een of meer patentregte beskerm. Roundup Ready® Maize 2-tegnologie bied verdraagsaamheid teenoor geregistreerde glifosaatformulerings.

**WAARSKUWING:** Die Roundup Ready®-geen sal hierdie baster SLEGS beskerm teen toedienings van goedgekeurde glifosaatprodukte soos Roundup PowerMax® (L 6702), wanneer dit teen aanbevolle dosisse toegedien word. Die Roundup Ready®-geen SAL NIE hierdie baster beskerm teen toedienings van ander onkruiddoders wat 'n ander onkruiddoderweerstandsgene vereis nie. Lees en volg altyd die aanwysings op die onkruiddoderetiket voor gebruik. **TOEVALLIGE TOEDIENING VAN ONMENGbare ONKRUIDDODERS OP HIERDIE BASTER KAN TOT 'N TOTALE OESVERLIES LEI.** Roundup Ready® en Roundup PowerMax® is geregistreerde handelsmerke wat onder lisensie van Monsanto Technology LLC gebruik word.

Die produk PowerCore™-tegnologie produseer die aktiewe bestanddele *cry1A.105*, *cry2Ab2* en *cryIF*, proteïene van *Bacillus thuringiensis* wat goeie beheer oor gevlekte stronkboorder (*Chilo partellus*) en die mieliestronkboorder (*Busseola fusca*) bied. Hierdie saad bevat ook Roundup Ready® Maize 2-tegnologie wat verdraagsaamheid bied teen geregistreerde glifosaatgebaseerde onkruiddoders. Produkreaksies kan verskil volgens ligging, plaagbevolking, omgewingstoestande en landboupraktyke. Hierdie produk word deur een of meer patentregte beskerm. PowerCore™ se veelvoudige-eienskap tegnologie is deur Corteva Agriscience en Monsanto ontwikkel. PowerCore™ is in handelsmerk van Monsanto Technology LLC. Roundup Ready® Maize 2 is 'n geregistreerde handelsmerk van Monsanto LLC. Lees en volg altyd die aanwysings op die onkruiddoderetiket voor gebruik. Alle onkruiddoders wat saam met hierdie produk gebruik word, moet behoorlik by die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling geregistreer wees, ingevolge die *Wet op Kunsmis, Plaasvoere, Landboumiddels en Veemiddels, 1947* (*Wet 33 van 1947*) soos gewysig, en moet gebruik word ooreenkomsdig die geregistreerde onkruiddoderetiket en aanbevelings, en alle ander toepaslike wette.

**WAARSKUWING:** Die Roundup Ready®-geen sal hierdie baster SLEGS teen toedienings van goedgekeurde glifosaatprodukte soos Roundup PowerMax® (L 6702) beskerm, wanneer dit teen aanbevolle dosisse toegedien word. Die Roundup Ready®-geen SAL NIE hierdie baster beskerm teen toedienings van ander onkruiddoders wat 'n ander onkruiddoderweerstandsgene vereis nie. Lees en volg altyd die aanwysings op die etiket van onkruiddoders voor gebruik. **TOEVALLIGE TOEDIENING VAN ONMENGbare ONKRUIDDODERS OP HIERDIE BASTER KAN TOT 'N TOTALE OESVERLIES LEI.**

## BELANGRIK – LEES VOOR AANPLANTING

### WAT IS PIONEER-INSEKBESKERMINGSTEGNOLOGIEË?

Pioneer-insekbeskermingstegnologieë en/of die gelisensieerde biotegnologie-eienskappe stel produsente in staat om Pioneer-handelsmerkmelies met ingeboude beskerming teen verskeie belangrike mieliestronkboorder-plae te plant. Pioneer-handelsmerkmelies met die insekbeskermingstegnologie bied beskerming teen vatbare *Busseola fusca* (mieliestamruspe) en *Chilo partellus* (chilo-boorder).

Let wel: In die res van hierdie dokument word kollektief na hierdie insekte as 'stronkboorders' verwys.

### DOELTREFFENDHEID VAN PIONEER®-MIELIEBASTERS MET BIOTEGNIOLOGIE-INSEKBESKERMINGSTEGNOLOGIE

#### STRONKBOORDERTEGNOLOGIE

Die *Busseola*-stronkboorder is moeilik om te beheer. Die bevolkingsdruk van stronkboorders is normaalweg hoër tydens die reproduktiewe fase van die plant (venstertydperk – VT- tot R1-stadium) teenoor die eerste-generasie larwes wat die plante in 'n vroeër groefase besmet. Daarom is die gradering vir stronkboorderweerstand laer vir die venstertydperk as vir die eerste generasie.

Dit is belangrik om lande noukeurig te monitor vir alle plae om te bepaal of behandeling met 'n plaagbeheermetode nodig is. Ondersoektegnieke en remediërende plaagbeheerbehandelings moet in ag neem dat larwes moet uitbroei en voed voordat ingeboude plantbeskermingstegnologie 'n effek op die plae kan hê. Ondersoek moet gereeld gedoen word, veral ná tydperke van swaar of volgehoue eierlegging (veral tydens blom). Die doel is om vas te stel of betekenisvolle getalle larwes in 'n spesifieke land oorleef. Indien onverwagte skade waargeneem word, kontak jou Pioneer-landboukundige.

#### INSEKWEERSTANDBESTUUR (IWB)

##### Wat is IWB?

'n Insekdoederweerstandsbestuur (IWB)-program is 'n noodsaaklike deel van goeie rentmeesterskap. Die doel van 'n IWB-program is om die waarskynlikheid te verlaag dat teikeninsekte hoër verdraagsaamheid teenoor die insekdodende Bt-proteïene ontwikkel. Sodoende word die langslewendheid en doeltreffendheid van hierdie waardevolle eienskappe op 'n omgewingsbewuste manier gemaksimeer. Die volhoubare bewaring van hierdie tegnologie plaas individuele verantwoordelikheid op alle rolspelers in die saadverspreidingstelsel – van die saadverskaffer tot die produsent wat die saad plant. Daarbenewens is IWB 'n wetlike verpligting vir almal, soos uiteengesit in die kommersiële permit wat deur Suid-Afrikaanse regulatoriese owerhede vir alle Bt-mielieprodukte toegestaan is.

#### DIE BELANGRIKHEID VAN IWB

Voldoening aan IWB-vereistes is 'n vereiste van rentmeesterskap en is van uiterste belang om die langslewendheid en doeltreffendheid van melies met gelisensieerde biotegnologie-eienskappe te handhaaf. As net melies met gelisensieerde biotegnologie-insekbeskermingstegnologie verbou word, sal slegs die skaars weerstandbiedende individue van 'n insekplaagpopulasie oorleef en met mekaar paar, wat 'n weerstandbiedende nageslag sal lewer. Om die ontwikkeling van weerstand binne insekplaagbevolkings teen melies met biotegnologie insekbeskermingstegnologie te vertraag, word van produsente wat Pioneer®-handelsmerkmelies met hierdie tegnologie aanplant vereis om ook 'n aparte toevlugsarea met Pioneer-handelsmerkmelies sonder die tegnologie te plant.

##### Wat is 'n toevlugsarea?

'n Toevlugsarea is 'n blok of strook melies sonder biotegnologie-insekbeskermingstegnologie. Die hoofdoel van 'n toevlugsarea is die instandhouding van 'n bevolking stronkboorders wat vir biotegnologie-insekbeskermingstegnologie vatbaar is. Dit verhoog die waarskynlikheid dat die seldsame weerstandbiedende plaagindividue wat opkom uit landerye wat met die biotegniese insekbeskermingstegnologie geplant is, met vatbare plaagindividue wat uit die toevlugoord opkom, sal paar. Dit sal lei tot plaagnageslag wat vatbaar is vir biotegnologie-insekbeskermingstegnologie. Verwys na *Figuur 2* wat hierdie konsep illustreer.

